Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

INFO 19/2026

6 November 2026

Van die skoolhoof

Vertrou op die HERE en doen wat goed is

Psalm 37: 3-4: *"Vertrou op die HERE, en doen wat goed is; bewoon die aarde en beoefen getrouheid, en verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart."*

Die wêreld is maar 'n deurmekaar plek. Ekonomiese druk, politieke verwikkelinge en wêreldgebeure herinner ons daagliks daaraan hoe broos ons aardse sekerhede is. Hier plaaslik hoef ons net die koerante oop te vou om te lees van al die ongeregtigheid wat geskied. In ons omgewing dreig daar 'n waterkrisis en ons elektrisiteitsvoorsiening is reeds 'n krisis. Te midde van dit alles het Suid-Afrikaners ook na die stembus gegaan en talle hoop op verbetering.

Dit is maklik om deur al hierdie omstandighede oorweldig te word. Ons kan moedeloos raak en selfs begin wonder waarom dit oënskynlik so goed gaan met dié wat onreg doen. Verlede week lees ek in 'n dagstukkie hoe die dominee Psalm 37 uitlê. Dawid worstel met die feit dat dit oënskynlik goed gaan met die goddelose, maar dan herinner hy die gelowige daaraan om nie ontsteld of afgunstig te word nie. Ons perspektief moet elders lê.

In verse 3 en 4 word ons deur 'n reeks eenvoudige, maar kragtige werkwoorde aangespoor: **Vertrou. Doen. Bewoon. Beoefen. Verlustig.**

Vertrou op die HERE. Doen wat goed is. Bewoon die land en leef getrou. Vind jou diepste vreugde in die HERE.

Hierdie woorde herinner ons dat ons roeping nie verander wanneer omstandighede verander nie. Ons hoef nie beheer oor alles te hê om steeds gehoorsaam en getrou te leef nie.

En wat is die diepste begeerte van die gelowige se hart? Om naby die HERE te leef, in sy teenwoordigheid te wees en ons vreugde in Hom te vind. Soos Dawid in Psalm 27 bely: om al die dae van sy lewe in die huis van die HERE te mag woon.

Ook in ons skoolgemeenskap beleef ons tye van blydskap én hartseer, voorspoed én teëspoed. Mag ons mekaar telkens herinner dat ons, ongeag ons omstandighede, in dankbare gehoorsaamheid voor die HERE mag leef.

Vertrou. Doen. Bewoon. Beoefen. Verlustig.

Dit is ons roeping: om in eenvoud en getrouheid die HERE te dien.

Saskia Meijer



Beplanner

13/11: KS Lekkertjiedag

16/11: Laerskool-eksamen begin

19/11: Kleuterskool Gradeplegtigheid

20/11: Graad 1-kuierdag

24/11: KS-intreevergadering vir nuwe ouers

26/11: Kuierdag vir nuwe kleuters (2027)

26/11: Gr. 4 (2027) Wissel- en inligtingsaand

ALGEMEEN

BELANGRIK: Jaarlikse betalingsooreenkomste en dataverifikasie

Die jaarlikse betalingsooreenkomste en dataverifikasievorms is reeds in die bruin koeverte aan alle leerders uitgedeel.

Ons versoek vriendelik dat alle ouers die dokumente deeglik deurlees en volledig invul en onderteken.

Die inligting wat ons deur hierdie vorms ontvang, is baie belangrik, aangesien dit gebruik word om ons skool se administratiewe rekords en die D6-kommunikasiestelsel op datum te bring. Korrekte en volledige inligting verseker dat ons doeltreffend met ouers kan kommunikeer en dat belangrike besonderhede op ons stelsels korrek aangeteken word.

Ons doen daarom 'n dringende beroep op alle ouers om die voltooide dokumentasie teen **Vrydag 13 November** aan die skool terug te besorg.


Baie dankie vir u samewerking en dat u ons help om die skool se administrasie op datum te hou.

Kalender 2027

Om ’n jaarbeplanner saam te stel, is moeiliker as ’n 2 000 stukkies legkaart, behalwe vir ’n paar ontbrekende dele is ons byna gereed om die nuwe kalender op die webtuiste te plaas.

Intussen deel ons ter wille van almal se beplanning die volgende datums:

Kwartaal 1: Skole heropen 13 Januarie en sluit 18 Maart vir die leerders
Kwartaal 2: Skole heropen 6 April en sluit 25 Junie
Kwartaal 3: Skole heropen 20 Julie en sluit 22 September
Kwartaal 4: Skole heropen 5 Oktober en sluit 30 November vir die leerders.



Nuwe aanstellings

Ons is dankbaar en bevoorreg om twee nuwe aanstellings vir 2027 met ons skoolgemeenskap te deel.



Hoërskool

Aan die einde van die jaar neem ons afskeid van mnr. Ulbe de Ronde, ons IGO-meneer, wat aftree. Juffrou Minette Lemmer, tegnologie-onderwyseres, het ook besluit om vanaf volgende jaar meer tyd aan haar eie kindertjies te bestee.

Ons is baie dankbaar dat ons die vakature kon vul en verwelkom graag **mev. Sinelle Diedericks**, wat DV in 2027 by ons hoërskoolspan aansluit as die nuwe IGO en tegnologie onderwyseres. Sy gaan ook ‘n rol by IT vervul. Sy is reeds goed bekend met ons skool, en ons vertrou dat sy sommer gou haar plek in die Dirk Postma-familie sal volstaan.



Grondslagfase

Ons grondslagfase brei uit, en daarom is 'n addisionele graad 2-pos vir 2027 geadverteer. Ons is oorweldig deur die groot aantal uitstaande aansoeke wat ons ontvang het. Die keuringsproses was nie maklik nie en het uiteindelik twee rondtes onderhoude behels.

Ons is verheug om aan te kondig dat **mev. Shani van der Wetering** DV in 2027 by ons grondslagfasespan aansluit. Ons sien daarna uit om haar te verwelkom en vertrou dat sy sommer gou tuis sal voel in ons skoolfamilie.

Ons wens beide hierdie dames van harte geluk met hul aanstellings. Mag hulle hul werk met vreugde en toewyding aanpak, en mag die Here hul arbeid in diens van ons kinders ryklik seën.

Kleuterskool

Neem kennis van die volgende datums:

13 November: Lekkertjiedag

19 November: Gradeplegtigheid

20 November: Graad 1-kuierdag

24 November: Intreevergadering vir nuwe ouers

26 November: Graad 1-kuierdag en kuierdag vir nuwe kleuters (2027)



Laerskool

EKSAMENROOSTER - November 2026

	GR 4	GR 5	GR 6	GR 7
Wo. 11 Nov.				Tegn.
Do. 12 Nov.	Kerkgeskiedenis	Kerkgeskiedenis	Kerkgeskiedenis	Kerkgeskiedenis
Vr. 13 Nov.				EBW
Ma. 16 Nov.	Afrikaans 2	Afrikaans 2	Afrikaans 2	Wiskunde 2
Di. 17 Nov.	LO	Bybel	Nat +Tegn.	NW
Wo. 18 Nov.	Wiskunde 1	Wiskunde 1	Engels	LO
Do. 19 Nov.	SW	LO	Bybel	SW
Vr. 20 Nov.	Afrikaans 1	Afrikaans 1	Afrikaans 1	Afrikaans 1
Ma. 23 Nov.	K+K	K+K	K+K	K+K
Di. 24 Nov.	Bybel	SW	Wiskunde 1	Wiskunde 1
Wo. 25 Nov.	Engels	Engels	LO	Bybel
Do. 26 Nov.	Nat +Tegn.	Nat +Tegn.	SW	Engels
Vr. 27 Nov.	Wiskunde 2	Wiskunde 2	Wiskunde 2	Afrikaans 2

Wo. 11 Nov. – Vr.13 Nov.: Tydens klastyd in die spesifieke periodes.
Ma. 16 Nov. – Do. 26 Nov.: Eksamen (07:40 – 12:00) **Wagklas is beskikbaar tot 13:30*
Vr. 27 Nov. : Eksamen en skool uit om 11:00



LAERSKOOL KUNSUITSTALLING

KUNS

Kuns is 'n gawe waarmee ons God se skepping en ons eie kreatiwiteit kan vier.

Deur kleur, vorm en verbeelding weerspieël ons iets van die wonder, skoonheid en uniekheid waarmee God ons wêreld geskep het.

VRYDAG


20 NOVEMBER 2026

17:00 - 18:30

KOS BESTELLINGS SAL LATER VOLG

Wees sterk en vol moed







WAAR : BY GEREFORMEERDE LAERSKOOL DIRK POSTMA

Hoërskool

Rentmeesterskap en naasteliefde

Rentmeesterskap en naasteliefde is twee opdragte wat die Here vir ons leer in sy Woord. Dit kom nie altyd van nature uit onsself om hierdie opdragte uit te leef en te gehoorsaam nie. Soms verg dit baie moeite en tyd. Maar dis moeite en tyd wat ons moet opsysit.

Die graad 8's en 9's was die afgelope kwartaal besig met 'n "Verskynselgebaseerde ondersoekende leerprojek" waar hul gekonfronteer was met rentmeesterskap en naasteliefde. Die graad 8's se ondersoek het gehandel oor natuurbewaring en die graad 9's oor haweloosheid. Hul moes probleme identifiseer, moontlike oplossings bedink en die oplossings fisies gaan uitvoer. En ja, dit het baie moeite en tyd geverg, maar om in die Here se natuur en koninkryk werksaam te wees, is baie vervullend.

Die uiteinde van die projekte was 'n baie geslaagde ekspo wat op 3 November gehou is, waar die leerlinge kon uitstal en vertel wat hul gedoen het. Die doel van die ekspo was nie om te spog nie, maar om in dankbaarheid teenoor die Here te toon watter gawes hy ons gegee het om te kan arbei in Sy koninkryk.

Baie dankie aan elke leerling en onderwysers betrokke by die projek, elke ouer wat die projek ondersteun het, en elke besoeker wat die ekspo besoek het. Ons wil alle eer aan die Here gee vir die sukses van die projek, en ons kyk met dankbaarheid hoe Hy elke kind gebruik het om 'n verskil te maak.













Hoërskool

Graad 9-fondsinsameling

Lekker Plaaslike Winskopies Koeponboek

Soos baie van julle reeds weet, is ons Graad 9-leerders hard aan die werk met ’n opwindende fondsinsamelingsinisiatief: die Lekker Plaaslike Winskopies Koeponboek!

Die afgelope twee weke is daar behoorlik moue opgerol en is besighede in Die Moot en omliggende areas genader om deel te word van hierdie projek.

Met groot dankbaarheid en opgewondenheid kan ons aankondig dat 50 plaaslike besighede reeds aan die projek deelneem! Dit sluit ’n wonderlike verskeidenheid ondernemings in – van winkels en slaghuise tot skoonheidsalonne, bou-ondernemings, eiendomsagente en selfs vakansiebestemmings.

Deelnemende besighede kry die geleentheid om hul produkte en dienste aan ons plaaslike gemeenskap bekend te stel, terwyl hulle spesiale aanbiedinge in die vorm van randbedrag- of persentasie-afslag aan koeponboekhouers beskikbaar stel.

En die goeie nuus vir ons ouers en gesinne? Die koeponboek bevat reeds meer as 50 plaaslike aanbiedinge met ’n gesamentlike potensiële besparingswaarde van meer as R5 000!

Die boekie sal teen slegs R300 verkoop word en is geldig vanaf 1 Desember 2026 tot 1 Desember 2027 – ’n volle jaar om plaaslik te koop, jouself te bederf en lekker te spaar!

Die koeponboek is tans in sy finale afrondingsfase en behoort binnekort drukkers toe te gaan. Ons beoog om 1 000 boekies te druk en te verkoop.

Die projek is nie net ’n fondsinsameling nie, maar ook ’n geleentheid om ons plaaslike besighede te ondersteun en ons gemeenskapsbande te versterk.

Hou gerus die kommunikasiekanale dop vir meer inligting oor hoe om jou eie koeponboek te bekom!

Baie dankie aan al die besighede wat reeds hul ondersteuning en deelname toegesê het. Ons waardeer ook elke ouer se ondersteuning om hierdie inisiatief ’n sukses te maak!

Koop plaaslik. Ondersteun plaaslik. Groei saam!



Eksamen

Die eksamen is volstoom aan die gang. Baie sterkte aan elke leerling wat besig is met eksamen, en aan elke ouer vir die ondersteuning van hul kinders. Die eksamenrooster is beskikbaar op die webtuiste.



Edge Communications
jou bemarking- en kommunikasievennoot.

Dink groot. Dink Edge Communications.

Kommunikeer die regte boodskap, deur die regte kanale, aan die regte gehoor deur Edge Communications.



ONS SPESIALISEER IN:

- **Sosialemediabestuur**
  Betaalmedia advertensies
- **Grafiese ontwerp**
  Borsjures
  E-pos handtekening
  Embleem ontwerp
  Briefhoofde
  Korporatiewe template
- **Mediaskakeling en publisiteit**
- **Strategie ontwikkeling**
- **Bemarking**
- **Veldtogte**
- **Webontwikkeling en onderhoud**

Kontak ons vandag vir 'n kwotasie:
www.edgecommunications.co.za | info@edgecommunications.co.za | +27 81 233 8351

KUMON VILLIERIA

KLEIN TREË. STERK FONDASIES. GROOT VORDERING.

Nou oop in Waverley Plaza | Help jou kind om met selfvertroue en onafhanklikheid te leer!

WISKUNDE
Bou 'n sterk grondslag en verbeter spoed, akkuraatheid en probleemoplossingsvaardighede.

ENGELS
Ontwikkel woordeskat, leesbegrip, grammatika en selfvertroue in Engels as 'n tweede taal.

KUMON CONNECT
Die bekende Kumon-werkkaarte - nou beskikbaar digitaal op tablet - met maklike indiening en deurlopende terugvoer.

Scan me!

Bespreek 'n gratis assessering

076 781 3428

https://www.kumon.co.za/book-assessment/villieria

WISKUNDE- EN WETENSKAPHULPBRONNE

Alles wat jy nodig het om te slaag in jou studies!

Teen 'n prys van slegs: R370!!

- **Flitskaarte** (Definisies, Verbindings & Ione)
- **Teorieboek**
- **Eksamenvraestelle met Antwoorde**



www.wenwetenskap.co.za

Snapscan Kodes

Snap here to pay
SnapScan

GSDP-SKOOLFONDS

Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay
SnapScan

GSDP-BOUFONDS

ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING

BLITS



Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.

Dankie vir u ondersteuning!

MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.

MySchool MyVillage MyPlanet

PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.

GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.
Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2026 te wees.

